

# GRONDWET VAN DIE FREYSEN-FAMILIEBOND

WEERGAWE 2.0



# INHOUDSOPGAWE

<b>1</b>	<b>NAAM</b> .....	<b>1</b>
<b>2</b>	<b>STATUS</b> .....	<b>1</b>
<b>3</b>	<b>DOELSTELLINGS</b> .....	<b>1</b>
3.1	FAMILIEREGISTER .....	1
3.2	FAMILIEBONDSWAPEN .....	1
3.3	SAMEHORIGHEID.....	1
<b>4</b>	<b>BESTUUR</b> .....	<b>1</b>
4.1	SAMESTELLING .....	1
4.2	VERKIESING.....	2
4.3	DAGBESTUUR .....	2
4.4	BESTUURVERGADERINGS .....	2
4.5	VERGOEDING .....	3
<b>5</b>	<b>FINANSIES</b> .....	<b>3</b>
<b>6</b>	<b>LIDMAATSKAP</b> .....	<b>3</b>
6.1	AANSOEK.....	3
6.2	LEDEGELDE .....	4
6.3	LIDMAATSKAPSREGTE.....	4
6.4	BEËINDIGING.....	4
6.5	STAMBOOM EN BONDLIDMAATSKAP .....	4
<b>7</b>	<b>LEDEVERGADERING</b> .....	<b>5</b>
7.1	KENNISGEWING .....	5
7.2	KWORUM .....	5
7.3	BESPREKINGSPUNTE.....	5
7.4	STEMREG.....	5
7.5	NOTULERING.....	5
<b>8</b>	<b>WYSIGING VAN DIE KONSTITUSIE</b> .....	<b>5</b>
<b>9</b>	<b>ONTBINDING</b> .....	<b>5</b>

# FREYSEN-FAMILIEBOND

## KONSTITUSIE VAN DIE BOND

### 1 Naam

Hierdie vereniging sal bekend staan as die FREYSEN FAMILIEBOND en word verderaan in hierdie dokument slegs as “die Bond” aangedui.

### 2 Status

Die Bond is ’n nie-winsgewende vereniging wat as regs persoonlikheid in sy eie naam as eiser of verweerder in gedinge kan optree, asook al die handeling kan verrig wat nodig is vir die bereiking van sy doelstellings.

### 3 Doelstellings

Die Bond beywer hom vir die vestiging en uitbou van trots op, en respek vir, die FREYSEN-familienaam.

#### 3.1 Familieregister

Om ’n familieregister (stamboom) te skep en in stand te hou deur:

- genealogiese navorsing te doen en die resultaat sentraal beskikbaar te stel.
- die vestiging en byhou van ’n elektroniese databasis.
- regstelling en opdatering van inligting<sup>[1]</sup>.
- beskikbaarstelling van die familieregister aan bondslede in elektroniese formaat.

#### 3.2 Familiebondswapen

Om ’n heraldies erkende wapen:

- vir die FREYSEN Familiebond te ontwerp en amptelik te registreer,
- en dit beskikbaar te stel aan bondslede vir die ontwikkeling van ’n unieke eie FREYSEN familiewapen.

#### 3.3 Samehorigheid

Om die samehorigheid en belange van die FREYSEN-familie te bevorder deur:

- die reël van familie-saamtrekke en sosiale byeenkomste op nasionale/streeksvlak om lede onderling in verbinding met mekaar te bring.
- die ontwikkeling van interpersoonlike netwerke.
- die optimalisering van kundigheid en hulpbronne binne familieverband.

### 4 Bestuur

#### 4.1 Samestelling

Die Bestuur van die Bond bestaan uit minstens vyf lede: Voorsitter, Ondervoorsitter, Tesourier, Sekretaris en ’n komiteelid/-lede.

---

<sup>[1]</sup> Die aanvanklike inligting is nie noodwendig geverifieer nie en mag op grond van nuwe geverifieerde inligting aangepas word.

## 4.2 Verkiesing

Aangesien bondslede nie noodwendig 'n vergadering kan bywoon waar almal fisies teenwoordig is nie, is besluit om die verkiesing van 'n nuwe bestuur elektronies te doen. Die nominasie- en verkiesingsproses verloop soos volg:

- a) Verkiesingsbeampes:  
Die dienende Bestuur wys 'n onafhanklike Verkiesingsbeampte en Adjunk-verkiesingsbeampte aan om die proses te bestuur.
- b) Nominasies:
  - i. Die Verkiesingsbeampte stuur **twee weke** voor die aanvang van die proses, 'n epos aan alle Bondslede waarin hulle in kennis gestel word van die naderende verkiesing van 'n nuwe Bestuur.
  - ii. Lede word in kennis gestel van die datum waarop die nominasieproses begin en dat verdere inligting per epos gestuur sal word.
  - iii. Lede wat nie vir die Bestuur wil staan nie, moet die Verkiesingsbeampte minstens **een dag** voordat die nominasieproses begin, per epos laat weet dat hulle nie hulle self beskikbaar stel nie.
  - iv. 'n Lys van lede wat bereidwillig is om op die Bestuur te dien, word aan alle Bondslede gestuur.
  - v. Elke Bondslid nomineer **vyf name** vanaf die lys voor die keerdatum (**een week** nadat die nominasieproses begin het).
- c) Kortlys:  
Die kortlys word vanuit diegene wat die meeste nominasies ontvang het, saamgestel en **een dag** na die sluiting van nominasies bekend gemaak.
- d) Stemproses:
  - i. Vandat die kortlys bekend gemaak is, het Bondslede **vyf dae** om die vyf kandidate vir die Bestuur te kies.
  - ii. Die vyf lede met die meeste stemme word tot die Bestuur verkies.
  - iii. Indien daar twee kandidate is wat ewe veel stemme om die vyfde plek kry, sal die Verkiesingsbeampte en Adjunk-verkiesingsbeampte besluit hoe om oor die saak te beslis en daarvoor verslag doen.
- e) Bekendmaking:
  - i. Die verkose Bestuur se name moet nie later as **een dag** na die keerdatum van die verkiesing nie, bekend gemaak word.
  - ii. Die nuutverkose Bestuur moet binne **een week** na die bekendstelling elektronies vergader om die onderskeie portefeuljes te bespreek en onderling te besluit wie watter portefeulje sal beklee.
  - iii. Die toedeling van die portefeuljes word na afloop van die vergadering aan die Bondslede gekommunikeer.
- f) Vakature:  
Enige vakature wat ontstaan, word so spoedig moontlik gevul.

## 4.3 Dagbestuur

Die Voorsitter, Ondervoorsitter en 'n beskikbare lid sal as dagbestuur optree.

## 4.4 Bestuursvergaderings

- a) Die bestuur sal minstens een keer per jaar vergader.
- b) Vier (4) lede van die Bestuur sal 'n kworum vorm.
- c) Indien daar 'n staking van stemme is, sal die Voorsitter 'n beslissende stem hê.

- d) Die Bestuur het die volgende bevoegdhe:
- i. Om bondsfondse by 'n goedgekeurde handelsbank te belê en aan te wend ten einde die doelstellings te bereik.
  - ii. Om in die algemeen aan die doelstellings vervat in Klousule 3 hierbo, volgens goeddunke, uitvoering te gee.
  - iii. Om 'n geding in die belang van die Bond in te stel en enige geding wat teen die Bond ingestel word, te verdedig.
- e) Die uitvoering van alle doelstellings berus by die Bestuur.

#### 4.5 Vergoeding

- a) Geen ampsdraer van die Bond sal enige vergoeding ontvang vir sy/haar dienste aan die Bond nie.
- b) 'n Honorarium kan op meriete aan nie-ampsdraers toegeken word.

## 5 Finansies

- a) Die Bestuursvergadering kan 'n diskresionêre besluit neem rakende 'n aansluitingsfooie en/of ledegeld.
- b) Die Bond mag skenkings van lede, ander persone en instansies ontvang met dien verstande dat sodanige skenkings volgens hierdie konstitusie beheer en bestuur sal word.
- c) Die Tesourier, in samewerking met die Voorsitter, is verantwoordelik om 'n bankrekening vir die Familiebond by 'n erkende bank te open. Alle gelde wat die Bond ontvang, moet in die genoemde rekening inbetaal word.
- d) Enige enkele handtekening van twee lede, soos van tyd tot tyd deur die bestuur aangewys, word gemagtig om transaksies namens die Bond te doen.
- e) Die Tesourier is verantwoordelik vir volledige rekordhouding van alle gelde en bates van die Bond.
- f) Enige lid van die Bond of ander belanghebbende persoon (na bewys van 'n regverdige belang), is geregtig om te enige tyd insae te hê in die boeke en ander state van die Bond, om navrae oor in- en uitbetalings van gelde, of handeling met ander bates van die Bond, te doen.
- g) Die Voorsitter sal 'n volledige finansiële verslag, deur die Tesourier opgestel, op 'n jaarlikse basis sirkuleer en verslag doen. Op elke ledevergadering sal 'n finansiële verslag van die Bond deur die Bestuur aan lede voorgelê word.
- h) Die finansiële jaar strek vanaf datum van stigting tot 28/29 Februarie en daarna jaarliks vanaf 1 Maart tot 28/29 Februarie.
- i) Die Bond se boeke sal jaarliks deur 'n eksterne rekenkundige nagesien word.
- j) Die aanwending van Bondsfondse is uitsluitlik gemik op die realisering van die doeleindes soos in Klousule 3 hierbo, vermeld.
- k) By ontbinding van die Familiebond, op watter wyse ook al, sal die lede van die Bond by meerderheid stem besluit hoe die bates en gelde van die Bond aangewend sal word.

## 6 Lidmaatskap

Thomas Freysen (1789-1848), en sy eggenote Carolina Wilhelmina Christina Oostewald (1804-1840), se nakomelinge en dié se naasbestaandes kan lede van die Bond word.

### 6.1 Aansoek

Die volgende persone ouer as 18 jaar, het aanspraak op lidmaatskap:

- a) Afstammeling van Thomas Freysen en wie se familienaam Freysen is.

- b) Afstammeling van Thomas Freysen met 'n ander familienaam, maar wie tog graag met die Freysen-familie vereenselwig wil word.

Algemene reëlings:

- a) Lidmaatskap word nie tot Suid-Afrikaanse burgers beperk nie.
- b) Die aansoeker moet die inskrywingsvorm voltooi en die voorgeskrewe lidmaatskapfooie betaal.
- c) Bestuur keur lidmaatskapaansoeke goed en teken dit in 'n lederegister aan.
- d) 'n Lidmaatskapsertifikaat sal aan alle nuwe lede uitgereik word.
- e) Lidmaatskap is nie oordraagbaar nie.

## 6.2 Ledegelde

- a) 'n Eenmalige bedrag van R250 (twee honderd en vyftig rand) is betaalbaar by aansluiting.
- b) Die Bestuur sal, na raadpleging van die lede, besluit oor die heffing van nominale jaargelde.

## 6.3 Lidmaatskapsregte

Slegs lede mag:

- a) Tot die Bestuur verkies word.
- b) Voorstelle maak en stem rakende deurslaggewende besluite.
- c) Insaë in die Bond se dokumente verkry.
- d) Die Bondswaapen gebruik as basis vir die ontwerp van 'n persoonlike familiewaapen.
- e) Voorwerpe bestel met die waapen op (bv. Lapelwaapen, beker, T-hemp, vlag en ander items).

## 6.4 Beëindiging

- a) Lidmaatskap word outomaties beëindig wanneer 'n lid tot sterwe kom.
- b) 'n Lid kan lidmaatskap beëindig deur die Voorsitter skriftelik daarvan in kennis te stel.
- c) Lidmaatskap kan ook deur die Bestuur beëindig word indien 'n lid se optrede nie in ooreenstemming met die doelstelling van die Bond is nie.

## 6.5 Stamboom en Bondlidmaatskap

Daar is 'n direkte verband tussen die stamboom en lidmaatskap, in die mate dat slegs Thomas Freysen, en sy eggenote Carolina Wilhelmina Christina Oostewald, se nakomelinge en dié se naasbestaendes lede van die Bond kan word. Ter wille van volledigheid, kan nasate wat nie lede van die Bond is nie, se gegewens wel in die stamboom opgeneem word. Onderstaande oorwegings (hoewel nie daartoe beperk nie) speel wel 'n rol:

- a) Hierdie stamboom fokus op die Freysen-nageslag, derhalwe word die vader se stamboomnommer en nageslagslyn gevolg. Waar twee Freysens trou, sal die kinders se stamboomnommer gebaseer word op die vader s'n en nie die moeder s'n nie.
- b) Die eggenote (wat met 'n Freysen trou) se persoonlike inligting en hul huweliksinligting word opgeneem. Ook die eggenote se ouers se persoonlike en huweliksinligting kan opgeneem word, maar nie die detail (broers en susters van die eggenote) van die betrokke gesin nie.
- c) Elke Freysen-dogter ontvang 'n stamboomnommer. Haar inligting, asook huweliksinligting (Eggenote, huweliksdatum, waar, ens.) word wel in die stamboom opgeneem. Kinders wat uit die huwelik gebore is se inligting (Name, geboortedatum en -plek, doopdatum en -plek, sterfdatum en -plek) word ook vasgelê. Hierdie kinders sal die vader se van hê, en sal heel moontlik in die vader se stamboom opgeneem word. Hulle kry nie noodwendig 'n stamboomnommer nie. Verdere huweliksinligting en nageslag se inligting word ook nie in die Freysen-stamboom opgeneem nie.
- d) Wettig aangenome kinders wat die Freysen van dra, word soos bloedkinders hanteer.

- e) Buite-egtelike kinders word op 'n ad hoc basis (met die nodige sensitiviteit en bewyse/verklarings) wel in die geslagsregister opgeneem.

## 7 Ledevergadering

### 7.1 Kennisgewing

Kennisgewing van 'n ledevergadering moet minstens twee weke voor die vasgestelde datum aan bondslede gestuur word. Indien enige lid (vir welke rede ook al) nie kennisgewing van 'n vergadering ontvang nie, sal so 'n vergadering nie ongeldig wees nie.

### 7.2 Kworum

10% van die ledetal (uitsluitende die bestuur), of twintig (welke getal die kleinste is), vorm 'n kworum op 'n ledevergadering. Indien daar na die verloop van een uur na die aanvangstyd van die vergadering nie voldoende lede op sodanige vergadering teenwoordig is nie, verklaar die Voorsitter die vergadering nietig. Die sekretaris hou 'n register in stand van alle lede/gevolmagtigdes wat ledevergaderings bywoon.

### 7.3 Besprekingspunte

Indien iemand 'n punt vir bespreking op die agenda wil plaas, moet dit 14 dae voor die datum waarop die ledevergadering plaasvind aan die Sekretaris/Voorsitter gestuur word. Die volgende aangeleenthede moet tydens die algemene ledevergadering oorweeg word:

- a) Hersiening van die grondwet, indien nodig.
- b) Die finansiële state van die Bond vir die vorige finansiële jaar.
- c) Die verkiesing van die lede van die bestuur.
- d) Die oorweging van die bestuur se handeling.
- e) Optrede teen lede wat nie die doelstellings van die Bond bevorder nie.
- f) Enige ander lidmaatskap-aangeleenthede.

### 7.4 Stemreg

- a) Elke lid het slegs een stem.
- b) Tensy anders hierin bepaal, geskied stemming by wyse van 'n stembriefie/elektroniese stem.
- c) Besluite word geneem en goedgekeur deur 'n meerderheid van stemme.
- d) Die Voorsitter van die Bestuur, of in sy/haar afwesigheid die Voorsitter van die vergadering, het by 'n staking van stemme 'n beslissende stem.

### 7.5 Notulering

- a) Agenda en notules van vergaderings word elektronies op die "Google Drive" gestuur.
- b) Bondslede kan versoek om toegang daartoe te verkry.

## 8 Wysiging van die konstitusie

Bepalings van hierdie grondwet kan alleen gewysig word by wyse van 'n twee-derde meerderheid van lede.

## 9 Ontbinding

Die Bond mag slegs ontbind word op die volgende wyse: -

- a) Deur 'n spesiale ledevergadering vir hierdie doel byeengeroep.
  - i. Kennisgewing sal minstens 'n maand voor die vergadering geskied.
  - ii. Lede teenwoordig sal 'n kworum vorm.

- iii. 'n Besluit van 'n 2/3de meerderheid is nodig vir die Bond se ontbinding.
  - iv. Dié vergadering sal 'n verantwoordelike persoon en proses aanwys wat gevolg moet word.
- b) Op 'n Hofbevel verkry deur enige lid op grond van die nie- funksionering van die Bond deurdat die Bond nie in staat is om sy voornemens of doelstellinge uit te voer nie. By ontbinding sal die Bond se bates tot gelde gemaak word deur 'n Likwidateur aangestel deur die lede of die Hof wat die Ontbindingsbevel uitreik, wat ook al die geval mag wees, en die Likwidateur sal met sulke gelde handel soos hy aangesê is deur die ledevergadering waarop die Bond ontbind word, of die Hof wat die Ontbinding-bevel uitgereik het.